

31 Augustus

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 4:7-21 (OAV)
Fokusgedeelte: 1 Johannes 4:21**

Liefde tot God impliseer liefde tot medegelowiges – dis konsekwent

Ons het nie hier te doen met die opdrag tot naasteliefde nie. In 1 Johannes word ons aandag gevestig op die besondere liefde wat ons het vir hulle wat ons broers en susters in die geloof noem. Hier gaan dit oor 'n verhouding van liefde tussen gelowiges, ook genoem broederliefde.

Reeds in hoofstuk 1:3 lei ons die basiese feit af waarom ons teksvers draai: *Gemeenskap tussen gelowiges (broederskap) ontwikkel omdat mense gemeenskap het met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.* Broederliefde spiraal opwaarts uit hierdie feit.

Tot op hierdie punt in die brief is alles wat ons in God aanmekaar bind, reeds aangetoon (3:24). Alles wat gemeenskap tussen gelowiges skep, is saamgeweef. Die dinge word genoem: die lig, die waarheid, die Woord, die Seun se bloed, afsterwing van sondes, konstante vernuwung, al die bewyse, versekering en kennis van ons gemeenskap met God, selfs die aansprake op leuens gebaseer (1:6), die verleiers en hulle verleiding (Antichris, 2:18; valse profete, 4:2). Hierdie dinge verbind ons in die lig, die waarheid en die belydenis. Dit verbind ons in God. Dit verbind ons aan mekaar in liefde. Dit skei ons ook van die dwaling wat praat van gemeenskap met God, maar wat nie in die waarheid is nie.

Medegelowiges behoort daarom in liefde bymekaar. Ons hoort nie saam met hulle wat die gees van dwaling het nie (vs 1-6). Maar waar kom hierdie gemeenskap met mekaar en, meer nog, die liefde vir mekaar vandaan? Die regte volgorde van hierdie ware liefde word ook gestel. Dit begin en kan net begin by God. Hy wek deur sy Gees ware liefde in ons harte. Ons beantwoord sy liefde met liefde vir Hom en liefde vir ons medegelowiges.

'n Logiese argument word in vers 21 gestel. As 'n mens dan jou broeder in die geloof, wat jy kan sien nie liefhet nie, hoe kan jy God ooit liefhê, wat jy nie kan sien nie? Christus se gebod is immers baie duidelik: *“Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê.”* Liefde vir jou medegelowige bly ook 'n toets of jy God liefhet.

Wees konsekwent. Liefde tot God impliseer liefde tot medegelowiges. As jy in God is, sal jy jou broeder wat in God is, ook liefhê.

Sing: Psalm 16:1 (1936)

Ds. DP Prinsloo (Outjo/Otjiwarongo/Biermanskool)